NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur 100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2025

VRAAG 1 VERSOENINGS [30 punte; 36 minute]

Inligting aangaande The Karaoke Club

The Karaoke Club is 'n maatskappy wat karaoketoerusting verkoop en verhuur, en ook stemopleidingskursusse aanbied. Hulle het onlangs party van hul lêers wat waardevolle inligting oor sommige van hul debiteure en krediteure bevat, verloor. Debiteure ontvang 30 dae krediet en hul enigste krediteur laat hulle 90 dae toe om te betaal voordat rente gehef word.

DEEL A [15 punte; 18 minute]

Die inligting hieronder het op die twee debiteure van The Karaoke Club betrekking.

Die meeste van die inkomste van The Karaoke Club is kontant, behalwe vir twee debiteure wat gereelde klante is. Hierdie debiteure ontvang 30 dae krediet.

A. Saldo's van debiteure op 1 Januarie 2025

Beefcakes Restaurant (bly 'n debiteur – herhaalklant)	R2 700 (Kt)
Ed's Diner	R4 320 (Dt)

B. Opsomming van fakture vir Januarie tot April 2025

Faktuurnommer	Faktuurdatum	Klant	Faktuurbedrag
123	02/01/2025	Ed's Diner	R26 100
124	16/01/2025	Beefcakes	R25 700
125	30/01/2025	Ed's Diner	R21 600
126	03/02/2025	Beefcakes	R46 260
127	22/02/2025	Beefcakes	R27 900
128	01/03/2025	Ed's Diner	R40 320
129	13/03/2025	Beefcakes	R35 640
130	27/04/2025	Beefcakes	R55 800

IEB Copyright © 2025

C. Opsomming van ontvangste vir Januarie tot April 2025

Kwitansienommer	Kwitansiedatum	Klant	Kwitansiebedrag
201	20/01/2025	Beefcakes	R15 300
202	02/02/2025	Ed's Diner	R36 000
203	28/02/2025	Beefcakes	R36 900
204	28/02/2025	Ed's Diner	R16 020
205	29/03/2025	Beefcakes	R 8 820
206	30/03/2025	Ed's Diner	R39 312
207	20/04/2025	Beefcakes	R 3 600

D. Ander inligting aangaande debiteure

- Die betaling wat op 20 April 2025 deur Beefcakes gedoen is, word nie op die bankstaat van The Karaoke Club weerspieël nie. 'n Ondersoek het bevind dat Beefcakes 'n bewys van betaling gestuur het vir 'n elektroniese fondsoorplasing wat gebruik is om kwitansie 207 uit te reik. Die deposito word egter nie weerspieël nie, omdat dit in 'n verkeerde bankrekening inbetaal is en omgeswaai moet word.

- 'n Kredietnota vir R11 700 is op 16 Maart 2025 aan Beefcakes uitgereik.

- Die betaling wat op 30 Maart 2025 deur Ed's Diner gedoen is, was om 'n skuld van R40 320 te vereffen.

IEB Copyright © 2025

DEEL B **[9 punte; 11 minute]**

Die volgende inligting hou met die <u>enigste krediteur</u> van The Karaoke Club vir Mei 2025 verband. Hulle laat 90 dae vir betaling toe voordat rente gehef word.

1. Die Krediteuregrootboekrekening het op 31 Mei 2025 'n saldo van R? gehad <u>voordat</u> enige van die transaksies hieronder opgeteken is.

2. Die rekeningstaat (gedateer 25 Mei 2025) wat ontvang is, het 'n saldo van R203 670 getoon <u>voordat</u> enige van die transaksies hieronder opgeteken is.

3. 'n Faktuur vir R45 000 op 8 Mei 2025 is uit die Krediteurejoernaal weggelaat. Die krediteur het die faktuur aan 'n ander klant toegewys, maar sal dit in Junie 2025 regstel.

4. Die Kontantbetalingsjoernaal vir Mei 2025 het 'n Krediteurekontroletotaal van R263 700 gehad, maar is verkeerd in die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek ingeskryf as R296 100.

5. 'n Betaling van R75 240 is op 31 Mei 2025 via EFO gedoen om 'n aanbod van 5% afslag te benut. Die rekeningstaat weerspieël nie die betaling of die afslag nie vanweë die uitreikdatum van die rekeningstaat (tydberekeningsverskil).

6. Hein, die eienaar, het karaoke-begeleiding ens. van R63 000 vir sy vrou se privaat 40ste verjaardagpartytjie in Junie 2025 bestel. Dit is korrek deur The Karaoke Club as trekkings in die Krediteurejoernaal (KJ) opgeteken, maar die verskaffer het verkeerdelik 'n afsonderlike rekening genaamd Hein Stores geopen. Die eienaar wil dit in die naam van die onderneming laat deurgaan. Die verskaffer sal dit in Junie 2025 regstel.

7. 'n Inskrywing in die Krediteurejoernaal (KJ) is met R61 200 onderaangegee.

8. 'n Terugsending in die Krediteure-afslagjoernaal van R18 450 is na die kredietkant van die Krediteuregrootboekrekening gepos.

9. Nadat al die transaksies hierbo opgeteken is, is die korrekte Krediteurekontrolesaldo as R232 470 bereken.

DEEL C **[6 punte; 7 minute]**

Die volgende verhoudings vir The Karaoke Club is op 28 Februarie 2025, die einde van die finansiële jaar, bereken:

	2025	**2024**
Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk	67,3 dae	59,7 dae
Gemiddelde krediteurebetalingstydperk	92,8 dae	93,6 dae

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [38 punte; 46 minute]

Inligting aangaande KAP Industrial Holdings Limited ("KAP" genoem) met 'n jaarlikse finansiële jaareinde van 30 Junie.

WIE IS KAP?

'n Gediversifeerde groep bestaande uit die voorste nywerheids-, chemiese en logistiekondernemings.

kap
BEING THE CHANGE

A. Uittreksel uit die Direkteursverslag vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2023

Aard van die onderneming:

KAP is in Suid-Afrika geïnkorporeer en op die JSE genoteer. KAP is 'n gediversifiseerde groep bestaande uit die voorste nywerheids-, chemiese en logistiekondernemings. Die groep bedryf die ses divisies wat hieronder genoem word:

PG Bison	PG Bison produseer houtgebaseerde sierpanele.
Restonic	Restonic is 'n geïntegreerde vervaardiger van matrasse.
Feltex	Feltex vervaardig motorvoertuigonderdele.
Safripol	Safripol produseer polimere wat in 'n groot reeks toepassings in sektore soos verpakking, infrastruktuur, landbou en huisware gebruik word.
Unitrans	Unitrans is 'n aanbodkettingverspreiding- (vervoer-) spesialis.
Optix	Optix benut die jongste wêreldwye videotelematika en voorspellende analise om padongelukke te voorkom en padveiligheid te verbeter.

Finansiële resultate:

- Die afgelope jaar is die Suid-Afrikaanse bedryfsomgewing gekenmerk deur stygende rentekoerse en inflasie, gedempte verbruikersvertroue en voortdurende infrastruktuur-ontwrigtings, waaronder verhoogde vlakke van beurtkrag, wat alles tot stadiger ekonomiese groei gelei het.

- Groepinkomste het met 6% tot R29 628 miljoen [2022: R27 979 miljoen] toegeneem, met prysverhogings wat grondstofkoste-eskalering en stygende bedryfsuitgawes voldoende verreken het.

Verdienste:

- Verdienste per aandeel het met 76% tot 16,7 sent per aandeel [2022: 70,3 sent per aandeel] afgeneem.

Dividende:

- In die lig van die huidige ekonomiese omgewing, gemiddelde rentekoerse van 9,25% p.j., netto skuldvlakke en verbonde kapitaalprojekte het die direksie besluit om **nie** 'n dividend vir die 2023- finansiële jaar [2022: 29 sent per aandeel] **te verklaar nie**.

[<https://kap.co.za/wp-content/uploads/2023/08/kap-consolidated-and-company-annual-financial-statements-2023.pdf>]

IEB Copyright © 2025

B. Bedrae uit die Groepstaat van Omvattende Inkomste vir die jaar onttrek

	2023 R 'miljoen	2022 R 'miljoen
Inkomste (verkope)	29 628	27 979
Koste van verkope	24 702	22 465
Bruto wins	4 926	5 514
Bedryfsuitgawes	2 559	2 578
Netto wins voor belasting	796	2 347
Inkomstebelasting vir die jaar	310	581

C. Ander bedrae en finansiële aanwysers vir die jaar

	2023	2022
Bruto wins op verkope	?	19,71%
Bruto wins op koste van verkope	19,94%	24,54%
Bedryfsuitgawes op verkope	8,64%	?
Getal aandele uitgereik	2 477 miljoen	2 472 miljoen
Totale aandeelhouersbelang	R11 705 miljoen	R11 705 miljoen
Niebedryfslaste (9,25% p.j.)	R9 735 miljoen	R9 769 miljoen
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouers-belang	4,15%	15,03%
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	7,58%	10,67%
Skuld Ekwiteit-verhouding	0,83 : 1	0,83 : 1
Netto batewaarde	R4,73	R4,75
Verhandelingsprys op JSE	R2,70	R4,45
Verdienste en dividende	*Verwys na punt A hierbo*	

IEB Copyright © 2025

D. Artikel vir Vraag 2.6

**** Openbare Persverklaring ****

Die Mededingingskommissie van Suid-Afrika het 'n klag van *prysvasstelling** teen PG Bison (deel van KAP Holdings) en Sonae Arauco South Africa (Pty) Ltd ingedien en sy ondersoek begin met 'n dagbreekklopjag waartydens daar op sekere dokumente en inligting beslag gelê is.

As gevolg van voortdurende en uitgebreide interne ondersoeke het PG Bison sekere optrede ontdek wat beskou word as dat dit 'n oortreding van die Wet op Mededinging, Wet 89 van 1998 kan wees. Nie net was hierdie optrede nie aan die direksies en uitvoerende bestuur van PG Bison en KAP bekend nie, maar dit was ook ongemagtig en absoluut in stryd met die etiese kode en kultuur van KAP.

Enigiemand met inligting oor vermeende misdade of onetiese gedrag kan die etieklyn anoniem kontak en die saak sal ondersoek word. Dit is 'n onafhanklike lyn wat 24 uur per dag, 7 dae per week deur 'n onafhanklike diensverskaffer bestuur word.

[Aangepas en vertaal uit: <www.kap.co.za>]

Woordelys:

**Prysvasstelling is 'n ooreenkoms tussen mededingers om pryse of prysvlakke te verhoog, te verlaag, te handhaaf of te stabiliseer.*

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 BEGROTINGS [32 punte; 38 minute]

Hierdie vraag bestaan uit twee onafhanklike dele, naamlik Deel A en Deel B.

DEEL A [12 punte; 14 minute]

Die volgende inligting het op The Flying Spanner Workshop betrekking.

Steve besit The Flying Spanner Workshop. Hy het jou van die volgende inligting voorsien:

A. Verkope

- Histories is bedryfsinkomste uit dienste in die werkwinkel in Julie 13% hoër as in Junie en die verkope van voertuigtoebehore in Augustus is 5% laer as in Julie.

B. Aankope

TOTALE AANKOPE	**Werklik R**	**Begroot R**
Maart 2025	78 000	
April 2025	70 000	
Mei 2025	72 000	
Junie 2025		?
Julie 2025		84 000
Augustus 2025		76 000

- 55% van aankope is kontant.
- 60% van die krediteure word twee maande na aankope betaal en die oorblywende bedrag in die maand daarna.
- 10% van die maandelikse kontantaankope kwalifiseer vir handelsafslag van 5%.

IEB Copyright © 2025

C. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir Junie tot Augustus 2025

	Junie 2025 R	**Julie 2025 R**	**Augustus 2025 R**
ONTVANGSTE			
Bedryfsinkomste uit werkwinkel-dienste	124 500	**A**	136 465
Inkomste uit voertuigtoebehore	44 898	**B**	48 792
Kommissie-inkomste	?	?	?
Diverse inkomste	?	?	?
BETALINGS (uittreksel)			
Kontantaankope van onderdele en toebehore	?	?	41 591
Krediteurebetalings vir onderdele en toebehore	?	32 040	31 320
Salarisse en lone	?	?	?
Nuwe toerusting	192 400		
Kontantsurplus/(-tekort)	**(435 000)**		**(960 000)**
Bank aan die begin	**207 000**		**(523 000)**
Bank aan die einde	**(228 000)**		**(1 483 000)**

D. Krediteurebetalingskedule

Maand van aankoop	**Kredietaankope**	**Junie 2025 R**	**Julie 2025 R**	**Augustus 2025 R**
Maart 2025	**C**	**D2**		
April 2025	31 500	**D1**	12 600	
Mei 2025	32 400		19 440	12 960
Junie 2025	?			18 360
		D3	**32 040**	**31 320**

IEB Copyright © 2025

DEEL B **[20 punte; 24 minute]**

Die volgende inligting het op Mzansi Amanzi betrekking.

Mzansi Amanzi het op 1 Maart 2025 geopen. Hulle verkoop gebottelde water en waterverkoelerhervullings aan die algemene publiek vir kontant. Hulle verkoop ook gebottelde water met doelgemaakte etikette aan korporatiewe en geleentheidsmaatskappye op krediet.

Hulle omskep verskepingshouers in kiosks waarvandaan hulle verkoop. Hierdie kiosks word strategies geplaas in parkeerterreine van inkopie-sentrums en openbarevervoer-spilpunte. Hulle het ook 'n administratiewe kantoor by die huis van die eienaar, Sipho Thalasa.

Toe Sipho sy kwartaallikse begroting vir Maart tot Mei 2025 opgestel het, was hy die enigste diensverskaffer in die gebiede waar hy sy houers geplaas het.

Elke houerkiosk word beman deur 'n enkele verkoopspersoon wat 'n persentasie kommissie op verkope verdien om hoër verkope aan te spoor. Die kantoorgebaseerde sakebestuurder verdien 'n salaris om oor alle bedrywighede toesig te hou.

A. Begrote en werklike syfers vir April en Mei 2025 onttrek:

	APRIL 2025		MEI 2025	
	Begroot R	**Werklik R**	**Begroot R**	**Werklik R**
Totale verkope *(verwys ook na B)*	1 620 000	1 198 800	1 782 000	1 749 600
Kontantverkope	1 134 000	599 400	1 247 400	524 880
Kredietverkope	486 000	599 400	534 600	1 224 720
Invordering van debiteure	369 360	359 640	406 296	734 832
Kommissie op verkope betaal	243 000	179 820	267 300	314 928
Salaris van bestuurder	30 000	30 000	33 000	33 000
Houerhuur	600 000	600 000	600 000	450 000

IEB Copyright © 2025

B. Uiteensetting van begrote en werklike verkoopsbesonderhede vir April en Mei 2025:

	APRIL 2025		MEI 2025	
	Begroot	**Werklik**	**Begroot**	**Werklik**
Gemiddelde kosprys per kiloliter	R72	R72	R72	R72
Winsgrenspersentasie	66⅔%	66⅔%	66⅔%	50%
Gemiddelde verkoopsprys per kiloliter	R120	R120	R120	R108
Getal kiloliter om te verkoop of wel verkoop	13 500	9 990	14 850	16 200
Getal houerkiosks	8	8	8	6
% kommissie op verkope betaal	15%	?	15%	?

C. Houerhuur

Sipho huur houers teen R75 000 per houer per maand. Hy oorweeg dit om 'n lening te verkry om tweedehandse houers te koop in plaas daarvan om dit te huur. Die bank vereis 'n deposito van R185 750 op 1 Julie 2025 (8% van die kapitaalgedeelte van die lening). Die res van die lening moet in gelyke paaiemente oor die tienjaartydperk van die lening terugbetaal word teen 9% rente per jaar.

IEB Copyright © 2025